NED GEREF KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 22 AUGUSTUS 2003

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, prof PJ Naudé, verwelkom die lede.
1.2 Hy lees voor uit Ps 37. Die Here sorg vir sy Kerk, en as die Kerk foute maak, help Hy haar op. Hy wil ons as Kerk in die Oos-Kaap gebruik, en het ons met besondere potensiaal geseën. Ons moet ons lewens aan Hom oorlaat en op Hom vertrou - Hy sal sorg.
1.3 Hy gaan die vergadering voor in gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 **Dagbestuur van die Sinodale Kommissie :**

Prof PJ Naudé - voorsitter
Dr ACV van Wyk
Di EGJdeG Schutte - skriba
CH van Heerden - ook DL Finansies
DW Mouton
Dr S du Toit
Ds MF Steyn

Ds WPM van Niekerk (aktuarius) is vanweë amptelike verpligtinge met verskoning afwesig.

2.2 **Adviserend :**

Dr JWJ Viljoen - Direkteur Administrasie

2.3 **Op Uitnodiging :**

Ds MH Langenhoven - DL Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo - DL Gemeentebediening
Ds WP Petzer - DL Jeug
Dr JP Cloete - DL Leer en Aktuele Sake
Ds G Loots - DL Getuienis

Mev L Steyn (DL Vrouelidmate) is met verskoning afwesig.

Mev T Botha (Interne Rekenmeester), mnr T van der Mescht en mej L Campher (beide van Womarans Kruger Ouditeure) sluit aan by behandeling van pt 12.2

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende stukke / nuwe sake word bygevoeg :

Bylaag R by pt 5.1
Bylaag N by pt 5.4
8.1 GESINSJAAR

10.2 BESOEK BROER ANDREW
10.3 BESOEK EDISON QUIEROS
14.1 BEGELEIDINGSFUNKSIE VAN DIE SINODE / BYLAAG I
14.2 VENNOOTSKAP MISSIONERE KERKE / BYLAAG J
14.3 KONSTITUERINGSEREMONIE SINODE 2003 / BYLAAG K
14.4 SKRYWE PATMOS / BYLAAG L
14.5 VERSLAG SINODALE REGSKOMMISSIE
14.6 VERSLAG ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE / BYLAAG O
14.7 UITGEDIENDE REKENAAR / BYLAAG M
14.8 SAKOV / BYLAAG P
14.9 PETISIE SON / BYLAAG Q
14.10 VERSOEK JAN PIENAAR

4. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE : SK DAGBESTUUR 26.06.2003 BYLAAG A

Die vergadering beskou die notule as gelese en keur dit goed.

5. SAKE UIT DIE NOTULE BYLAAG A

5.1 **PENSIOEN / MEDIES VAN EMERITI / WEDUWEES / MEDIESE SUBSIDIE CMR-GEPENSIONEERDES** (pt 5.1 van 26.06.2003)
5.1.1 **Besluite :**
1) Die Dagbestuur neem kennis dat die emeriti / weduwees genooi is na die ledevergadering van die Pensioenfonds.
2) Die Dagbestuur wag die skriftelike advies van die aktuarius ré die regsgeldigheid van die Emeriti-Vereniging af.

5.1.2 Bylaag R (Eenmalige Hulp aan Emeriti / Weduwees uit MMP-fonds) dien. **BYLAAG R**
5.1.2.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat hulp (wat wissel tussen R 9,000 - R 19,000) aan 24 aansoekers uitbetaal is, en beskou die saak as afgehandel.

5.2 **STREEKSKONVENT 2004**
5.2.1 DW Mouton adviseer dat voortgegaan word met die reël van ‘n streekskonvent in noue konsultasie met die VGK-Kaapland.
5.2.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat die Konvent vir Eenheid moontlik weer gedurende 2004 sal vergader, en besluit om via die verteenwoordigers op die UK te versoek dat dit op ‘n meer sentrale plek (bv George) gehou sal word.
Die moontlikheid van ‘n streekskonvent vir die Oos-Kaap moet steeds oorweeg word

5.3 **NAVORSING BYLAAG B**
5.3.1 Bylaag B dien.
5.3.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur keur die voorstel goed en neem dit as aanbeveling op in die Verslag van die Sinodale Kommissie aan Sinode 2003.

5.4 **BESLUITEREGISTER ALGEMENE SINODE BYLAAG N**
5.4.1 Bylaag N (laatstuk - ongedateerd) dien.

5.4.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis van die verslag en besluit om dit as 'n laatstuk voor Sinode 2003 te bring.

5.5 **TAALKUNDIGE VERSORGING OKBM IN VERSLAG DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
Afgehandel

5.6 **BEGELEIDING VAN RINGE**
5.6.1 ACV van Wyk en DA rapporteer dat leraars emosionele ondersteuning nodig het, dat kerkrade begeleiding nodig het ré hul taak en diensverhoudinge, en dat die besoeke aan ringskommissies geslaagde was ré leiding aan ringe ivm identifisering van projekte.
5.6.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem met groot dank teenoor die broers kennis.

5.7 **PASTOR PASTORUM**
Die saak staan oor aangesien dr Steenkamp tans oorsee is.

5.8 **VERKOOP VAN EIENDOMME**
5.8.1 DA rapporteer
5.8.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat die oordrag van Lekkeroord en Dave Marais (verkoop aan vennootskap @ R 450,000) in die proses van afhandeling is, dat geen aanbod vir die Sinodale Gebou ontvang is nie, dat 78% van die kantoorruimte tans verhuur word, en dat die alleenmandaat van Pam Golding binnekort verstryk.

5.9 **JAARLIKSE BYDRAES : NG KERK VAN SA**
Die saak staan oor.

5.10 **KENNIS VAN REVISIE : RING VAN QUEENSTOWN**
5.10.1 Die skriba rapporteer.
5.10.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat die Ring voortgaan met die aanvra van revisie, en dat die beskrywingspunt in die sakelys van Sinode 2003 opgeneem is.

5.11 **BESPREKINGSPUNTE : RING VAN QUEENSTOWN**
5.11.1 CH van Heerden rapporteer.
5.11.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat die besprekingspunte by wyse van beskrywingspunte opgeneem is in die sakelys van Sinode 2003.

5.12 **SINODE 2003** **BYLAAG C**
5.12.1 Bylaag C (Verslag Ordekommissie 28.07.2003) dien.
5.12.1.2 **Besluit :**
Die Dagbestuur keur die verslag met dank goed. Verteenwoordigers van die VGK-Kaapland, Gereformeerde Kerke, en Nederduits Hervormde Kerk is reeds genader om groete oor te dra. K Prinsloo sal skakel met verteenwoordigers van die Metodiste Kerk en CPSA.

6. DIENS VAN BARMHARTIGHEID
Geen verslag

7. GEMEENTEBEDIENING
Geen verslag

8. JEUG

8.1 **GESINSJAAR**
8.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat dr Louis Dressel (AJK) die vergadering van die Sinode sal bywoon, en dat inligtingstukke ré Gesinsjaar tydens die vergadering beskikbaar gestel sal word.

9. LEER EN AKTUELE SAKE
Geen verslag

10. GETUIENIS

10.1 **CLF : VERSOEK JAARLIKSE KOLLEKTE** **BYLAAG D**
10.1.1 Bylaag D (versoek CLF om jaarlikse Sinodale Kollekte - dd 20.06.2003) dien.
10.1.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat die versoek in die verslag van die Sinodale Kommissie aan Sinode 2003 opgeneem is.

10.2 **BESOEK BROER ANDREW**
10.2.1 DL Getuienis rapporteer dat broer Andrew Port Elizabeth DV op 23.09.2004 besoek.
10.2.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur besluit om die saak na die nuwe Sinodale Kommissie te verwys.

10.3 **BESOEK EDISON QUIEROS**
10.3.1 DL Getuienis rapporteer dat Edison Quieros Port Elizabeth DV op 5-8.10.2003 besoek.
10.3.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis dat DL Getuienis die inligting aan gemeentes sal deurgee.

11. VROUELIDMATE
Geen verslag

12. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

12.1 **BELASTINGVRYSTELLING** **BYLAAG E**
12.1.1 Bylaag E (Omsendbrief DA aan Gemeentes - dd 13.08.2003) dien.
12.1.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur keur die skrywe met groot dank teenoor die DA goed.

12.2 **2003 GEOUDITEERDE FINANSIëLE STATE** **BYLAAG F**
12.2.1 Bylaag F (laatstuk - Geouditeerde State 2003) dien.
12.2.1.1 Mnr Van der Mescht en me Campher (Wolmarans Kruger Ouditeurs) en me T Botha (Interne Rekenmeester) lig toe.
12.2.1.1.1 **Besluite :**
1) Die Dagbestuur keur die state goed, en besluit om dit as laatstuk aan Sinode 2003 voor te lê.

2) Die vergadering spreek sy groot dank teenoor me T Botha en die ouditeure uit vir die goeie diens gelewer.
3) Die Dagbestuur neem kennis dat, soos vroeër reeds deur die Soinodale Kommissie besluit, Wolmarans Kruger as ouditeure aangestel is.

12.3 **VERSLAG SINODALE BEGROTING** **BYLAAG G**
12.3.1 Bylaag G (laatstuk - Verkorte Weergawe Begroting 2003/2004) dien.
12.3.1.1 DA lig toe.
12.3.1.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur keur die verslag met groot dank goed, en besluit om dit as laatstuk aan Sinode 2003 voor te lê.

13. VERSOEK ALGEMENE BEDIENINGSFONDS **BYLAAG H**

13.1 Bylaag H (Versoek Algemene Bedieningsfonds - dd 11.08.2003) dien.
13.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur keur die versoek goed.

14. ALGEMEEN

14.1 BEGELEIDINGSFUNKSIE VAN DIE SINODE **BYLAAG I**
14.1.1 Bylaag I (laatstuk - ongedateerd) dien.
14.1.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur keur die verslag goed, gee opdrag aan ACV van Wyk om dit in samewerking met me Westraadt te versorg, en besluit om dit as laatstuk aan Sinode 2003 voor te lê.

14.2 VENNOOTSKAP MISSIONERE KERKE **BYLAAG J**
14.2.1 Bylaag J (laatstuk - ongedateerd) dien.
14.2.1.1 DW Mouton lig toe.
14.2.1.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur oordeel dat hierdie 'n verdienstelike saak is, en besluit om die inligting aan gemeentes via die volgende omskrywe deur te gee en hul te versoek om ernstig aandag te gee. Gemeentes kan met DW Mouton skakel vir nadere besonderhede.

14.3 KONSTITUERINGSEREMONIE SINODE 2003 **BYLAAG K**
14.3.1 Bylaag K (laatstuk -ongedateerd) dien.
14.3.1.1 JD Prinsloo lig toe.
14.3.1.1.1 **Besluit :**
Die Dagbestuur neem kennis en besluit dat geen simbole tydens konstituering ingedra sal word nie.

14.4 SKRYWE PATMOS **BYLAAG L**
14.4.1 Bylaag L (laatstuk - dd 13.08.2003) dien.
14.4.1.1 Skriba lig toe.
14.4.1.1.1 **Besluit :**
1) Die Dagbestuur neem kennis van die skrywe en van die mondelingse verslag van die ad hoc-kommissie (di Schutte en Van Niekerk, dr Prinsloo) ré die ontmoeting met di Pienaar op 20.08.2003.
2) Die Dagbestuur keur die aanbeveling van die ad hoc-Ordekommissie (wat

verantwoordelik is vir o a die reëlings rondom die inkleding van die vergadering) goed, nl dat daar nie enige van die voorgestelde oud-Christelike simbole in die vergaderlokaal teenwoordig sal wees nie, neem kennis dat daar in elk geval geen beplanning was rondom enige kersseremonie/kersliturgie, Christus-afbeeldings, skouerkleed vir sprekers, of enige praktyk wat enigsins bedoel en aangebied word as Rooms nie.

3) Met betrekking tot pte 3 - 4 van die uittreksel uit die agt standpunte van die kerkraad (aangeheg by skrywe van ds Pienaar van 13.08.2003) wys die Dagbestuur die kerkraad van Patmos op Art 20 en Art 23 van die Kerkorde (KO Oos-Kaapland 1999 p 27) :

Art 20.1 Hierdie vergaderinge* (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode - skriba se invoeging a h v Art 18) *het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen.

Art 20.2 Die gesag van die ring oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode oor die ring en van die Algemene Sinode oor die sinode.

Art 23 Die besluite van vergaderinge en hul gevolmagtigde kommissies is bindend, maar daaroor kan in appél na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde kommissie gegaan word.

4) Die Dagbestuur wys die kerkraad van Patmos daarop dat die saak rondom die gebruik van simbole en rituele in die verslag van die Sinodale Kommissie en by wyse van 'n studiestuk voor die vergadering van die Sinode van Oos-Kaapland dien, en dat die lede van die vergadering deur hul deelname aan die gesprek in die lig van die Woord en onder die leiding van die Gees saam soek na die wil van die Here.

5) Die Dagbestuur verklaar dat sy liefde vir die gemeente Patmos onveranderd is, en sien daarna uit om die afgevaardigdes van Patmos in die vergadering te verwelkom.

6) Die Dagbestuur besluit om 'n afskrif van hierdie skrywe aan die Ring van Algoa deur te stuur.

14.5 VERSLAG SINODALE REGSKOMMISSIE

14.5.1 **Besluit :**

Die Dagbestuur keur dit goed dat die verslag van die SRK aan Sinode 2003 ré die wysigings in die Artikels, Bepalinge en Reglemente van die Kerkorde, ten einde koste te bespaar, elektronies voorgelê word.

14.6 VERSLAG ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE BYLAAG O

14.6.1 Bylaag O (laatstuk - dd 26.05.2003) dien.

14.6.1.1 Die voorsitter lig toe.

14.6.1.1.1 **Besluit :**

Die Dagbestuur neem kennis van pte 1 - 3 (Gesprek met Nuwe Hervormers), asook van die "Statement" en Beplanningsvergadering (Byeenkoms Leraars : 28.06 - 02.07.2004)

BESLUIT ré UITNODIGINGS AAN VOORSITTER ASK

Die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie van die Sinode van Oos-Kaapland versoek die ASK om 'n beleidsbesluit te neem t o v die aanvaarding van (politieke) uitnodigings deur die voorsitter van die ASK (of iemand in sy plek).

Ons sal graag wil sien dat

(1) die onus vir die besluit nie net op sy skouers rus nie,

(2) en dat die NG Kerk se stem, waar dit enigsins moontlik is, gehoor word.

14.7 UITGEDIENDE REKENAAR BYLAAG M

14.7.1 Bylaag M (laatstuk - dd 21.08.2003) dien.

14.7.1.1 **Besluit :**

Die Dagbestuur neem kennis dat 'n uitgediende rekenaar vervang is (@ R 6365), en besluit om die uitgediende rekenaar aan die CMR vir hul dienswerk te Algoapark te skenk.

14.8 SAKOV **BYLAAG P**

14.8.1 Bylaag P (laatstuk - ongedateerd) dien.

14.8.1.1 **Besluit :**

Die Dagbestuur besluit om R 600 (uit SKLAS-fondse) aan SAKOV (Oos-Kaap) ten bate van die koste van hul vergadering te skenk.

14.9 PETISIE SON **BYLAAG Q**

14.9.1 Bylaag Q (laatstuk - ongedateerd) dien.

14.9.1.1 **Besluit :**

Die Dagbestuur neem kennis en verwys die aangeleentheid met volmag na die voorsitter en br JP Cloete vir afhandeling.

14.10 VERSOEK JAN PIENAAR

14.10.1 DA lig versoek toe.

14.10.1.1 **Besluit :**

Die Dagbestuur verwys die aangeleentheid met volmag na die SKDV (ACV van Wyk / WPM van Niekerk / CH van Heerden), en gee aan hierdie kommissie opdrag om na die hele opset te kyk en met 'n aanbeveling na die Dagbestuur te kom.

15. AFSLUITING

15.1 Die voorsitter lig die vergadering in dat hy nie beskikbaar is vir 'n verdere termyn nie, en hy bedank die lede vir hul samewerking en ondersteuning.

15.2 Dr ACV van Wyk spreek namens die vergadering sy dank teenoor die voorsitter uit vir die voortreflike wyse waarop hy die Sinodale Kommissie in 'n oorgangstydperk gelei het.

15.3 Die skriba sluit die vergadering af met 'n gebed.

GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN TE PORT ELIZABETH OP DIE SK-DAGBESTUURS-

VERGADERING VAN :

Voorsitter : **Skriba :**

Ander lede van die Kommissie :